CIPLASYL PLUS 4 TABLETS

CIPLASYL PLUS 4 TABLETS

# PASIËNTINLIGTINGSBLAD

**Lees asseblief hierdie inligtingsblad noukeurig deur voordat jy CIPLASYL PLUS 4 TABLETS gebruik.**

- Hou hierdie inligtingsblad. Dit mag nodig wees om dit later weer te lees.
- Indien jy enige verdere vrae het, vra asseblief jou dokter of apteker.
- CIPLASYL PLUS 4 TABLETS is vir jou persoonlik voorgeskryf en jy moenie jou medisyne met ander persone deel nie. Dit kan skadelik wees vir hulle, al is hulle simptome dieselfde as joune.

**SKEDULERINGSTATUS:** **S3**

**HANDELSNAAM, STERKTE EN FARMASEUTIESE VORM**
**CIPLASYL PLUS 4 TABLETS** (tablet)

## 1. WAT CIPLASYL PLUS 4 TABLETS BEVAT

*Aktiewe bestanddele:*
Elke tablet bevat 4 mg perindopriel-ters-butielamien en 1,25 mg indapamied.
*Onaktiewe bestanddele:*
Laktose, natriumwaterstofkarbonaat, kolloïdale silikondioksied, magnesiumstearaat, mikrokristallyne sellulose.
Bevat suiker: 62,3 mg laktose per tablet.

## 2. WAARVOOR CIPLASYL PLUS 4 TABLETS GEBRUIK WORD

CIPLASYL PLUS 4 TABLETS word gebruik om hoë bloeddruk te behandel.
Indien hoë bloeddruk nie behandel word nie, kan dit tot ernstige gesondheidsprobleme lei, soos beroerte, hartsiekte en nierversaking. CIPLASYL PLUS 4 TABLETS help om jou bloeddruk te verlaag.

## 3. VOORDAT JY CIPLASYL PLUS 4 TABLETS NEEM

**Moenie CIPLASYL PLUS 4 TABLETS neem nie:**

- Indien jy allergies (hipersensitief) vir perindopriel, indapamied, sulfoonamiede of vir enige van die ander bestanddele is (sien WAT CIPLASYL PLUS 4 TABLETS BEVAT).
- Indien jy in die verlede skielik of in respons op 'n ander medisyne ernstige swelling van die gesig, tong, lippe of keel ervaar het ('n seldsame allergiese toestand bekend as angio-edeem). Jy moet ook nie CIPLASYL PLUS 4 TABLETS neem indien jy 'n familiegeskiedenis van angio-edeem het nie.
- Indien jy 'n hartsiekte het.
- Indien jy 'n nierafwyking het of aan nierslagaarstenose ly ('n probleem met die bloedvate na een of albei niere).
- Indien jy aan aortastenose ly (wanneer die aortaklep van die hart vernou is).
- Indien jy kaliumsparende diuretika (waterpille) gebruik, soos spiroonlaktoon, triamtereen of amiloried.
- Indien jy aan porfirie ly.
- Indien jy litium neem – 'n medisyne wat soms vir depressie gebruik word (sien Gebruik van ander medisynes met CIPLASYL PLUS 4 TABLETS).
- Indien jy 'n ernstige lewerversteuring het.
- Indien jy hoë vlakke kalium het, en/of kaliumaanvullings neem.
- Indien jy swanger is, probeer om swanger te raak of jou baba borsvoed (sien Swangerskap en borsvoeding).

**Neem spesiale sorg met CIPLASYL PLUS 4 TABLETS:**

- Raadpleeg onmiddellik jou dokter indien jy swanger is of probeer om swanger te raak.
- Indien jy 'n hartsiekte het.
- Indien jy hoë of lae vlakke van kalium, natrium of ander probleme met soutbalans het.
- Indien jy aan sistemiese lupus eritematose ly ('n siekte wat die vel, gewrigte en niere aantas).
- Indien jy 'n niersiekte het.
- Indien jy 'n lewersiekte het.
- Indien jy diabetes het (hoë bloedsuiker).
- Indien jy aan jig ly.

**Neem van CIPLASYL PLUS 4 TABLETS met kos of drinkgoed:**
CIPLASYL PLUS 4 TABLETS moet verkieslik soggens voor ete geneem word.

**Swangerskap en borsvoeding:**
MOENIE CIPLASYL PLUS 4 TABLETS neem indien jy swanger is of vermoed dat jy swanger mag wees nie. CIPLASYL PLUS 4 TABLETS kan nadelig vir jou ongebore baba wees. Kontak onmiddellik jou dokter.
MOENIE CIPLASYL PLUS 4 TABLETS neem indien jy jou baba borsvoed nie.

**Bestuur en gebruik van masjiene:**
CIPLASYL PLUS 4 TABLETS kan jou vermoë om 'n voertuig te bestuur of masjinerie te gebruik, belemmer. Moenie 'n voertuig bestuur, masjinerie hanteer of enigiets anders doen wat gevaarlik kan wees nie, totdat jy weet hoe CIPLASYL PLUS 4 TABLETS jou affekteer.

**Belangrike inligting oor sommige van die bestanddele van CIPLASYL PLUS 4 TABLETS:**
CIPLASYL PLUS 4 TABLETS bevat laktose, wat 'n soort suiker is. Indien jou dokter jou ingelig het dat jy onverdraagsaam vir sekere suikers is of dit nie kan verteer nie (jy het 'n intoleransie vir sekere suikers), praat met jou dokter voordat jy CIPLASYL PLUS 4 TABLETS neem.

**Gebruik van ander medisynes saam met CIPLASYL PLUS 4 TABLETS:**
Raadpleeg jou dokter, apteker of gesondheidsorgdeskundige indien dit nodig is om ander medisynes te neem.
Indien jy ander medisynes op 'n gereelde grondslag neem, insluitende komplementêre of tradisionele medisynes, kan die gebruik van CIPLASYL PLUS 4 TABLETS saam met hierdie medisynes ongewenste wisselwerking veroorsaak.
Nie alle wisselwerkings wat kan voorkom, word in hierdie inligtingsblad ingesluit nie

Moenie die volgende medisynes in kombinasie met CIPLASYL PLUS 4 TABLETS neem nie:

- Diuretika (ook waterpille genoem, gebruik om hoë bloeddruk te behandel).
- Sommige medikasies wat gebruik word om hoë bloeddruk, 'n vinnige of onegalige hartklop of ander harttoestande te behandel.
- Steroïedmedisynes (soos kortikosteroïede, gebruik vir inflammasie of allergieë).
- Antikoagulante (gebruik om die vorming van bloedklonte te voorkom).
- Medisynes gebruik om diabetes te behandel (metformientablette of insulien).
- Baklofeen ('n spierverslapper en krampwerende middel).
- Antiinflammatoriese medisynes (soos NSAID's, gebruik om inflammasie en pyn te behandel).
- Trisikliese antidepressante (soos imipramien, gebruik om depressie te behandel). (Sien Moenie CIPLASYL PLUS 4 TABLETS neem nie).

## 4. HOE OM CIPLASYL PLUS 4 TABLETS TE NEEM

Die aanbevole dosis is een tablet per dag as 'n enkeldosis, verkieslik soggens voor ete geneem.
Jou dokter sal jou inlig hoe lank jou behandeling met CIPLASYL PLUS 4 TABLETS gaan duur.

*Indien jy 'n nierversteuring het:*
Indien jy 'n nierversteuring het, konsulteer asseblief jou dokter voordat jy CIPLASYL PLUS 4 TABLETS neem.

**Indien jy meer CIPLASYL PLUS 4 TABLETS neem as wat jy behoort te neem:**
In geval 'n oordosis per abuis of opsetlik geneem is, kontak so gou as moontlik jou dokter of apteker. Indien nie een van hulle beskikbaar is nie, kontak die naaste hospitaal of gifsentrum. Neem hierdie inligtingsblad en enige oorblywende tablette saam met jou, sodat die dokter kan sien wat jy geneem.

**Indien jy vergeet om jou CIPLASYL PLUS 4 TABLETS te neem:**
Indien jy 'n dosis vergeet het, neem dit sodra jy onthou. Indien dit egter byna tyd is vir die volgende dosis, slaan die dosis wat jy vergeet het oor en neem die medisyne dan op die volgende geskeduleerde tyd. Moenie 'n dubbele dosis neem om te vergoed vir die dosis wat oorgeslaan is nie.

## 5. MOONTLIKE NEWE-EFFEKTE

CIPLASYL PLUS 4 TABLETS kan newe-effekte hê. Nie alle newe-effekte wat vir CIPLASYL PLUS 4 TABLETS gerapporteer is, word in hierdie inligtingsblad ingesluit nie.
**Indien jou algemene gesondheid sou verswak terwyl jy CIPLASYL PLUS 4 TABLETS neem, moet jy asseblief jou dokter, apteker of ander gesondheidsorgdeskundige raadpleeg.**

Hou op om CIPLASYL PLUS 4 TABLETS te gebruik en kry dringend mediese hulp indien jy enige van hierdie tekens van 'n allergiese reaksie het:

- galbulte; sukkel om asem te haal; swelling van jou gesig, lippe, tong of keel
- geelsug (pyn by jou lewer, vergeling van jou oë en vel, erge naarheid)
- Stevens-Johnsonsindroom (swelling van die gesig en tong, rooi of pers veluitslag, blase op jou vel/erge afskilfering van die vel).

***Raadpleeg jou dokter indien enige van die volgende newe-effekte aanhou of lastig is:***

- hoofpyn
- droë hoes
- voel moeg of asof jy minder energie as gewoonlik het
- voel flou, lighoofdig of duiselig
- voel mislik (naarheid) of het pyn op jou maag
- diarree, smaaksteurings
- spierpyn en -krampe
- 'n groter risiko om te ontwater (droë, klewerige mond; slaperigheid, dors, droë vel, hoofpyn, hardlywigheid en duiseligheid) (by bejaarde pasiënte en by pasiënte met hartversaking)
- pyn in die bors
- veluitslag
- koors
- verlies aan eetlus
- geel visie
- sinusitis (inflammasie van die sinus)
- benoude gevoel in jou bors – sukkel om asem te haal.

## 6. BERGING EN WEGDOENING VAN CIPLASYL PLUS 4 TABLETS

- Bêre by of onder 25 °C op 'n droë plek.
- Hou in die buitenste karton tot nodig vir gebruik.
- BERG ALLE MEDISYNES BUITE BEREIK VAN KINDERS.
- Moenie gebruik ná die vervaldatum wat op die etiket of karton gedruk is nie.
- Neem alle ongebruikte medisyne terug na jou apteker.
- Moenie ongebruikte medisyne in dreine en rioolstelsels (bv. toilette) wegdoen nie.

## 7. AANBIEDING VAN CIPLASYL PLUS 4 TABLETS

CIPLASYL PLUS 4 TABLETS word verpak in een van die volgende:
• Deursigtige PVC/PVDC-aluminiumstulpstrook wat 10 tablette bevat. Drie stulpstroke (3 x 10) word in 'n gelamineerde aluminiumsakkie verpak.
• Alu/Alu-stulpstrook wat 10 tablette bevat. Drie stulpstroke (3 x 10) word in 'n buitenste karton verpak.

## 8. IDENTIFIKASIE VAN CIPLASYL PLUS 4 TABLETS

Wit tot naaswit, langwerpige, plat, afgeskuinste tablet met 'n middellyn aan weerskante.

## 9. REGISTRASIENOMMER

44/7.1.3/0503

## 10. NAAM EN BESIGHEIDSADRES VAN DIE HOUER VAN DIE REGISTRASIESERTIFIKAAT

Zydus Healthcare SA (Edms.) Bpk.
Southdowns Office Park
Gebou B, Grondvloer
Kareestraat 22
Centurion, Pretoria
0157

## 11. PUBLIKASIEDATUM

02 Maart 2012

2086423